higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 3

(5050073)

7 Maart 2018 (X- Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Kognitiewe domein	A	voorspel sukses op skool
1.1.2	Breinskryf (‘brainwriting’)	B	kan straatwys (‘street-smart’) genoem word
1.1.3	Psigomotoriese domein	C	sluit analise van inligting en probleemoplossing in
1.1.4	IK	D	’n manier om intelligensie te ontwikkel
1.1.5	Breinkaart (‘mind map’)	E	kan boekslim (‘book-smart’) genoem word
1.1.6	Affektiewe domein	F	om op jou eie met idees vorendag te kom
1.1.7	Leervermoë	G	kan mensslim (‘people-smart’) genoem word
1.1.8	Emosionele intelligensie	H	sluit in om te leer swem of fietsry
1.1.9	Versorging (‘nurture’)	I	opsomming wat soos ’n diagram lyk
1.1.10	Praktiese intelligensie	J	kan instruksies verstaan en besluite neem
		K	sluit in om te leer om van ander mense te hou of vir hulle lief te word

(10 × 1) (10)

1.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Babalwa is in graad 3. Sy kan baie goed lees en skryf en is die beste in haar klas met spelling. Sy leer rympies baie vinnig aan en kan goed opsê. Babalwa sukkel egter met maaltafels en het nie genoeg selfvertroue om haarself goed uit te druk nie. Haar aandag dwaal dikwels. Sy is baie behulpsaam teenoor haar klasmaats en neem klavier- en swemlesse. Sy vaar goed met hierdie aktiwiteite.

1.2.1 Noem VIER elemente wat as Babalwa se beste leervermoëns beskou kan word. (4)

1.2.2 Noem DRIE leervermoëns wat Babalwa moet verbeter. (3)

1.2.3 Noem VIER veelvuldige intelligensies wat Babalwa het. (4)

1.3 Verduidelik die verskil tussen *langtermyn* en k*orttermyn* geheue. (3 + 3) (6)

1.4 Om suksesvol te wees by die werk het ’n mens goed ontwikkelde emosionele intelligensie nodig.

Hoekom dink jy is dit waar? (3)
[30]

VRAAG 2

2.1 Kies die regte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee is. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Die ondersste kwadrant het te doen met (leer/gevoelens).

2.1.2 Iemand wat analities en logies is, is (linkerbrein/regterbrein).

2.1.3 Ons (breine/liggame) beheer alles wat ons dink en doen.

2.1.4 (Analise/Geheue) speel moontlik die grootste rol in ons vermoë om te leer.

2.1.5 Baie kinders sukkel met skoolwerk omdat hulle (telvaardighede/kognitiewe vaardighede) swak is.

2.1.6 (Stres/Stimulasie) kan ’n negatiewe invloed op kinders se leervermoë hê.

2.1.7 Iemand wat intuïtief en kreatief is, is (linkerbrein/regterbrein).

2.1.8 Volwassenes hou daarvan om bestaande (geletterdheid/kennis) en ondervinding te gebruik wanneer hulle studeer.

(8 × 1) (8)

2.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

’n Onderwysassistent in ’n graad R-klas beplan ’n tema oor kleure. Sy moet aktiwiteite wat met hierdie tema verbandhou voorberei vir die week. Sy weet sy moet die beginsels van hoe kinders leer in gedagte hou sodat die kinders die beste moontlike leerervaring sal hê.

2.2.1 Watter VIER beginsels van hoe ’n kind leer is volgens jou die belangrikste om by die aktiwiteite in te sluit? Motiveer jou antwoord. (4 × 2) (8)

2.2.2 Watter DRIE soorte aktiwiteite kan die assistent ontwerp om die beginsels in VRAAG 2.2.1 toe te pas? (3 × 2) (6)

2.3 As onderwyser moet jy seker maak dat jy leergeleenthede skep wat geskik is vir beide linker- en regterbreinleerders.

2.3.1 Stel VIER aspekte voor wat jou lesse kan insluit om linkerbreinleerders te bevredig.

2.3.2 Stel VIER geleenthede voor wat jou lesse kan verskaf wat regterbreinleerders sal geniet.

(2 × 4) (8)
[30]

VRAAG 3

3.1 Noem VIER verskille of ooreenskomste tussen die manier waarop kinders leer en die manier waarop volwassenes leer. (4 × 2) (8)

3.2 ’n Volwassene kan die volgende motto/leuse vir leer hê:

Ek hoor en ek vergeet.
Ek sien en ek onthou.
Ek doen en ek verstaan.

Interpreteer hierdie motto. Wat dink jy beteken dit in terme van volwasse leer? (4)

3.3 Motivering en doelwitte is belangrike beginsels in volwasse leer.

Verduidelik aan die hand van DRIE sienswyses hoe hierdie beginsels jou loopbaanweg (‘career path’) beïnvloed. (3 × 2) (6)

3.4 Een van die oudste argumente in die geskiedenis van sielkunde is die nature-nurture-debat – word ’n mens se ontwikkeling deur jou DNA of deur jou omgewing en lewenservaring beïnvloed?

Met verwysing na hierdie stelling, verduidelik of jou aard (‘nature’) of jou versorging (‘nurture’) jou ten opsigte van die volgende beïnvloed:

3.4.1 Intelligensie

3.4.2 Gedrag

3.4.3 Lewensuitkomste

(3 × 2) (6)

3.5 Kate woon Westville Laerskool by en is in graad 6. Sy is linkerbreindominant.

Noem DRIE aktiwiteite wat sy kan doen om haar regterbrein te stimuleer.

(3 × 2) (6)
[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Voltooi die volgende sinne deur die woord(e) in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

leerdergesentreerde; samewerkende leer; opvoeders; onderwysergesentreerd; intellektueel; outonomie; gedrag

4.1.1 … is die vermoë om beheer te neem oor jou eie leer.

4.1.2 Opvoeders kan leerders wees en leerders kan ook ... wees.

4.1.3 … behels 'n gesamentlike poging deur leerders.

4.1.4 'n Leerder moet ... en fisies gereed wees om te leer.

4.1.5 In … metodes kan leerders uit hul eie ervarings leer.

(5 × 1) (5)

4.2 'n Goeie onderwyser sal 'n verskeidenheid onderrigmetodes gebruik sodat dit vir al die leerders geskik is en hulle geïntereseerd hou en uitdaag.

4.2.1 Teken 'n tabel soos die een hier onder in jou ANTWOORDBOEK. Noem in die eerste kolom VYF verskillende onderrigmetodes.

4.2.2 Omskryf en verduidelik elke onderrigmetode in die tweede kolom.

4.2.3 Skryf 'n leerstyl wat by elke onderrigmetode sal pas in die derde kolom neer.

(5 × 3) (15)

ONDERRIGMETODE	VERDUIDELIKING	LEERSTYL

4.3 Enigiemand wat ophou leer is oud – of dit nou op 20 of 80 is. Enigiemand wat aanhou leer bly jonk. (Henry Ford)

4.3.1 Noem TWEE verskille tussen outonome en samewerkende leer.

(2 × 2) (4)

4.3.2 Noem DRIE voordele van outonome leer. (3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 5

5.1 Verskeie opsies is gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 'n Rekenaar word vir afstandonderrig gebruik:

A Narratiewe onderrig
B E-leer
C Drilonderrig

5.1.2 'n Soort vraag wat 'n situasie in die werklike lewe beskryf:

A Gevallestudie
B M-leer
C Ondersoel

5.1.3 'n Leertegniek waar studente selfone en PDA's gebruik:

A M-leer
B Rollespel
C Narratiewe leer

5.1.4 Vir … word scenario's deur die onderwyser geskets en deur leerders in die klaskamer opgevoer.

A LDL
B projekte
C rollespel

(4 × 2) (8)

5.2 Passie vir kennis spruit uit motivering en volgehoue leer.

Verduidelik die volgende en verskaf 'n voorbeeld van elk:

5.2.1 Formele leer

5.2.2 Informele leer

5.2.3 Nieformele leer

(3 × 3) (9)

5.3 Wat is jou eie leerstyl? Ondersteun jou antwoord met DRIE redes.

(1 + 3 × 2) (7)

5.4 Onderwysers moet dikwels moeilike besluite neem of situasies hanteer wat etiese kwessies behels.

Kies TWEE etiese situasies wat in 'n klaskamer kan opduik en verduidelik dit vanuit 'n onderwyser se oogpunt. (2 × 3) (6)

[30]

VRAAG 6

6.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (6.1.1–6.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.1.1 'n Oortuiging ('belief') is iets wat jy glo waar of werklik is.

6.1.2 Waardes is iets wat ons as belangrik beskou.

6.1.3 'n Leeromgewing word nie deur verskillende waardes, etiek en oortuigings beïnvloed nie.

6.1.4 'n Onstabiele huislike omgewing lei nooit tot oneties gedrag nie.

6.1.5 Die meeste werkplekke ontwikkel 'n gedragskode om werknemers se gedrag te bestuur.

6.1.6 Om jouself in iemand anders se skoene te stel is goeie etiese praktyk.

(6 × 1) (6)

6.2 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Johnny is regtig besorg oor en lojaal aan sy vriende. Hy gaan na 'n private skool wat sy siening oor sy gesin se godsdiens beïnvloed. Hy is 'n prefek by sy skool en behandel ander leerders baie billik. Johnny het 'n deeltydse werk en probeer so stiptelik as moontlik te wees. As kliënte iets vergeet, hardloop hy agter hulle aan om dit terug te gee. Hy weet as hy almal met respek behandel, sal hulle hom respekteer.

6.2.1 Watter DRIE soorte waardes kom duidelik in hierdie scenario na vore? Motiveer jou antwoord met 'n stelling uit die scenario. (3 × 2) (6)

6.2.2 Watter oortuiging het Johnny? (2)

6.2.3 Hoe toon Johnny goeie etiese gedrag? (2)

6.2.4 Noem DRIE kwessies rakende leerders wat Johnny as skoolprefek moet kan hanteer. (3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

6.3 Waardes word beskou as gedragsbeginsels of -standaarde wat belangrik is in die lewe.

Noem VIER eienskappe wat jy het en verduidelik hoekom dit belangrik is vir jou interaksie met ander. (4 × 2) (8)

[30]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou